Ranten Dal

# Prisma

'n kleurryke ervaring in kerkwees

# Gemeentenuus

## Julie 2026



# Eredienstye

5 Julie 08:30 | Ds. Henning Rademeyer

12 Julie 08:30 | Ds. Adelle Swanepoel

19 Julie 08:30 | Ds. Adelle Swanepoel

26 Julie 08:30 | Ds. Henning Rademeyer
18:00 | Ds. Adelle Swanepoel



# WYN EN WYSHEID

*saam met*
*ds. Rudi Swanepoel*



Vrydag, 24 Julie 2026

18:00 vir 18:30

*Hou sosiale media dop vir meer inligting .*

Liewe gemeente,

Terwyl die winter sy greep verstewig en die oggende kouer word, word ons herinner dat God nie net die Here van die lente en somer is nie, maar ook van die winter.

Ons leef in 'n wêreld waar groei, vrugbaarheid en vooruitgang gevier word. Ons hou van die seisoene waarin dinge blom, wanneer planne slaag en ons geloof sterk voel. Die natuur leer ons dat elke seisoen sy eie doel het. Die winter lyk dalk stil en kaal, maar onder die grond gebeur belangrike werk. Wortels groei dieper. Die aarde rus. Nuwe lewe word voorberei vir die lente wat kom.

Dieselfde geld vir ons geestelike lewe. Daar is tye wanneer ons geloof bruis van energie en vreugde. Maar daar is ook tye van stilte, wagtyd, verlies of onsekerheid. Sulke "winterseisoene" kan ons laat wonder waar God is. Tog getuig die Skrif dat God juis in hierdie tye aan die werk is.

Die profeet Jesaja herinner ons:
"Maar wie op die Here wag, herwin hulle krag; hulle kry nuwe vere soos arende. Hulle hardloop, maar raak nie afgemat nie, hulle loop, maar word nie moeg nie." (Jesaja 40:31)

God vra nie van ons om elke dag sterk te wees nie. Hy nooi ons om op Hom te vertrou, selfs wanneer ons nie Sy handewerk kan sien nie. Die winter herinner ons dat rus ook heilig is, dat wagtyd nie verlore tyd is nie en dat God dikwels sy diepste werk doen wanneer alles stil lyk.

Mag hierdie winter vir elkeen van ons 'n tyd wees om nader aan God te leef, sy teenwoordigheid te ontdek in die stilte en nuwe hoop te vind in die wete dat geen winter vir altyd duur nie.

Die lente kom altyd weer.

Mag die Here julle warm hou met sy liefde, versterk met sy genade en dra met sy vrede.

Baie liefde,
Ds. Adelle

# Julie verjaarsdae

**1**
Jaco Truter

**2**
Magriet Wheeler

**3**
Lieschen Erasmus
Frana Germishuys
York Lester
Marie Lombard
Mia Tolman
Christa Visser

**4**
Caleb Rossouw

**5**
Marlo Boshoff

**6**
Herman Brand
Venessa Delport
Josh Jung

**7**
Nicolette Greeff
Ettiene Schwan

**8**
Nico Gerber
Christa Rossouw
Willie van Eeden

**9**
Adri Jooste
Riekie Korf
Annelien Robberts
Jan Steyn
Vera van Graan
Martin van Rooyen
Tertia Wagenaar

**10**
Lumari Liebenberg

**11**
Henriëtte Bester
Joyce Lee
Elsuné Rodrigues
Hendrik Spangenberg

**12**
Una Cinnamon
Dalandre Cordier

**13**
Marialta Esterhuizen
Lydia Joubert

**14**
Wilhelm Dubber
Andrew Janse van Rensburg

**15**
Leon Fourie
André Greeff
Thys Human
Stephan Leonard
Dyllon Mostert
Martin Muller
Cobus van den Berg

**16**
Barbara Britz
Johnny Mulder
Alta Steenekamp

**17**
Tiaan du Plooy
Heledene Fourie
Joey Müller
Gerald Scholtz

**18**
Estie Bester
Keyshia de Fortier
Heinrich Opperman

**19**
Brigitta Lee

**20**
Abi Oosthuizen
Hannes van Wyk

**21**
Nico Castanho
Louise Pretorius
Annelize van der Walt

**22**
Melt Botha
Hannah de Bruin
Gerrit du Toit
Laetitia Lubbe

**23**
Danie Burger
Júan van den Heever

**23**
Magda van der Westhuizen
Lindi van Niekerk
Magrieta Venter

**24**
Anke Bester

**25**
Nadia du Preez
Emmett Janse van Rensburg

**26**
Tylo Scheepers
Yolandé Tolman

**27**
Andries van Dyk
Marite Venter

**28**
Robert Goosen

**29**
Jan Bothma
Corrie Esterhuizen
Driekie Flemix
Christa Greeff
Vian Kruger
Juanita Monthé
Dúane Scheepers
Christiaan Strauss
Madeleine van Wyk

**30**
Coen Bester
Lisa Coetzee
Rentia Nel
Piet van Staden
Eugene Vermeulen

**31**
Ulyate Curle
Bres du Plessis
Dries Mouton
Chris Nolte
Christoff van der Westhuizen
Wiehan Victor

Veels geluk en seën vir jou!

# Algemene inligting

**Leraars**
Ds. Adelle Swanepoel
Ds. Henning Rademeyer
admin@prismakerk.co.za

**Bankbesonderhede**
NG Kerk Rant en Dal
ABSA Bank | Tjekrekening
0310580910

**Algemeen**
admin@prismakerk.co.za

**Mountain Movers**
tieners@prismakerk.co.za

**WhatsApp**
Stoor asb. die nommer op jou foon
066 378 6435

**Prisma Kidz**
kidz@prismakerk.co.za

**Projekte/Berading**
lizahn@prismakerk.co.za

Facebook:
@RantenDalPrisma
@PrismaKidz
@PrismaConnect

Instagram:
@RantenDalPrisma
@prismaconnect

Prisma kidz

Sondae 08:30
in die Ark
Kinders tot gr. 6

MAT. 17:20
MOUNTAIN MOVERS

Sondae 17:00
in die Ark
Tieners vanaf gr. 7



# Prisma Aktiwiteite















# Prisma Aktiwiteite

## BAIE DANKIE!

**36** komberse is reeds uitgedeel!

Kom ons verdubbel dit voor einde Julie!

## PROJEK *Winter* HOOP



*Snoesige*

**nuwe en gebruikte (skoon en heel) komberse is welkom!**

*Help ons om die koue te verdryf*

**Bring jou bydrae na die kerkkantoor gedurende die week of Sondae na die inligtingstoonbank.**

Ranten Dal Prisma

'n kleurryke ervaring in kerkwees

## KOM GROEI SAAM

### as 'n jong gesin!



**Sluit aan by 'n splinternuwe selgroep vir jong gesinne. Stuur "JONG GESIN" per WhatsApp na 066 378 6435**

Verbind. Verdiep. Verander.

**Sekuriteit op ons perseel word verskaf deur**

MAPOGO A MATHAMAGA
Business & Community Security
010 492 4321